

1 Desember Markus 11:12-25; (Teks: 11:12-14)

Ware geloof dra oorvloedig vrug

Dit klink darem baie onredelik: Jesus vervloek 'n vyeboom wat nie vrugte dra nie en dit terwyl Markus baie duidelik sê dat dit nog nie vyetyd was nie. Hoe moet ons dit verstaan?

Daar is een kenmerk van 'n vyeboom wat hom uniek maak. *By 'n vyeboom begin die blare en die vrugte gelyk uitkom.* 'n Vyeboom met blare wek dus die verwagting dat daar ook vrugte sal wees. Al was dit nie vyetyd nie was dit nie onredelik van Jesus om vye aan die boom te soek nie - die boom was dan vol blare! Met sy blare het die boom gesê: Kom kyk, ek is vol vrugte. Maar dit was bedrog. As Jesus dan die boom vervloek, is Hy nie onredelik nie. Nee, maar Hy wil ons iets daardeur leer.

Die vyeboom was net soos sommige mense. Hulle gee voor dat hulle God dien, maar dit is alles net 'n klomp blare sonder vrugte.

Met hierdie oordeel wat Jesus oor die vyeboom uitspreek, veroordeel Jesus die skyngodsdiens van mense wat al die uiterlike tekens van geloof vertoon, maar geen vrug dra nie.

Onder daardie klomp blare word 'n hart weggesteek wat onbekeerd is. Maar wat baat 'n uiterlike *vertoon* van godsdienstigheid as dit net 'n versiersel is om 'n onbekeerde hart mee weg te steek? Niks nie! Dit is egter 'n gevaarlike manier om jouself gerus te stel oor die komende oordeel.

Elkeen van ons moet onself eerlik ondersoek. Wat is net blare in my lewe en wat is werklik vrugte? Bevestig my dade my geloof? Het ek die vrugte wat saam met die blare gaan?

Sing: Psalm 1:2

Ds. H.P.M. van Rhyn (Wilropark)